

# MODULE 7

## BELASTING EN BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)

### BELASTING IN SUID-AFRIKA

#### Nota vir die onderwyser:

Die doel van hierdie module is om leerders bloot te stel aan die redes waarom ons belasting betaal en die verskillende soorte belasting wat gehef word.

Ons sal in besonderhede op BTW (Belasting op Toegevoegde Waarde) fokus. Die graad 10 kurrikulumverklarings vereis slegs 'n basiese kennis van die begrippe. Op hierdie vlak word nie van die leerders verwag om die boekstaving te doen nie. Dit is egter 'n onweerlegbare lewensfeit en dit is 'n belasting waaraan al die sektore van die bevolking blootgestel is en dit is dus 'n baie belangrike lewensvaardigheid wat die leerders nodig het. Dit hang van u af hoe ver u die onderwerp op hierdie stadium wil neem.

Onderwysers wat die boekstaving van BTW wil doen, kan dit in enige van die verskillende modules doen, maar let op dat dit net vir uitbreidingsdoeleindes sal wees. Die module kan gedoen word net wanneer u wil. Dit moet ook geïntegreer word met etiek wat later behandel word.

Indien julle toegang tot gerekenariseerde rekeningkundestelsels het, word dit aanbeveel dat julle hierdie onderwerp saam met die program inbring. Dit sal beteken dat leerders in die beginstadiums op die inskrywings kan fokus in plaas van net op die berekening.

#### BTW-EKSLUSIEF OF BTW-INKLUSIEF:

Dit is noodsaaklik dat u daarvan bewus is of die syfers wat gekwoteer is BTW-inklusief of –eksklusief is, aangesien dit 'n groot uitwerking het op die syfers wat opgeteken moet word.

Dit is belangrik dat u konsentreer op die berekening van BTW – hierdie berekening is soortgelyk aan die berekening van Koste van Verkope.

Byvoorbeeld: Goedere word teen R368.00 BTW-inklusief gemerk. (Aanvaar dat dit 'n kontantverkope is.) Die BTW wat in hierdie syfer ingesluit is, word soos volg bereken:

$R368.00 \times \frac{15}{115} = R48$ . Dit beteken dat die volgende dubbelinskrywing gemaak word:

Dt. Bank met R368.00  
Kt. BTW uitset met R48.00  
Kt. verkope met R320.

#### BTW-INSET EN BTW-UITSET:

Hierdie aspek moet in graad 11 behandel word, maar dit sal geen skade doen as u hierdie aspekte aan die leerders noem nie – hoe ver u konsepte wil bespreek, sal van u en die leerders afhang.

Twee aparte rekeninge word in die algemene grootboek gehou: BTW-Inset is die BTW op aankope - 'n uitgawe/Bate, en BTW-Uitset is BTW op verkope - 'n inkomste/las-rekening. Hierdie 2 rekeninge word dan na die SAID(BTW)-kontrolrekening afgesluit ten einde te bepaal of SAID geld aan jou skuld en of jy aan hulle geld skuld. Baie leerlinge verwar BTW-inset en BTW-uitset – verseker dus dat hulle duidelik kan onderskei tussen hierdie twee.

## OPDRAG 7.1 Hoekom moet belasting volgens SAID betaal word

Die doel van hierdie aktiwiteit is om leeders so ver te kry om hul kennis aangaande belasting in die algemeen in Suid-Afrika te konsolideer.

<b>A</b>	Belasting	<b>F</b>	Paaie
<b>B</b>	Werk	<b>G</b>	Verdediging
<b>C</b>	Ekonomiese	<b>H</b>	Finansies
<b>D</b>	Dienste	<b>I</b>	Begroting
<b>E</b>	Hospitale	<b>J</b>	Uitgawes
		<b>K</b>	Gefinansier

## OPDRAG 7.2 Definisies en verduideliking van sommige vorme van belasting in Suid-Afrika

KOLOM "X"		KOLOM "Y"
1.	Inkomstebelasting	C
2.	Kapitaalwinstbelasting	A
3.	Belasting op Toegevoegde waarde	E
4.	Aksynsbelasting	G
5.	Oordragkoste	J
6.	Boedelbelasting	I
7.	Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF)	H
8.	Vaardigheidsontwikkelingsfonds	F
9.	Skenkingbelasting	B
10.	Lopende betaalstelsel (LBS)	D

## OPDRAG 7.3 Belasbare, Nul-koers en Vrygestelde items

Nr.	Goedere / dienste	15% BTW	0% BTW	BTW vrygestel
1.	Bruinbrood		✓	
2.	Salaris van hotelbestuurder			✓
3.	Blikkie sardiens		✓	
4.	Petrol		✓	
5.	Skoolfooie betaalbaar aan openbare skole			✓
6.	Aankoop van persoonlik rekenaar	✓		
7.				
8.				
9.				
10.				
11.				
12.				

## OPDRAG 7.4 Aanbieding van Staatsinkomste en uitgawes

Die doel van hierdie opdrag is vir die leerders om die bronne van belastinginkomste te ondersoek, asook regeringsuitgawes. Dit sal 'n goeie idee wees as hierdie onderwerp behandel kan word gedurende die tyd wat die nasionale begroting gelewer word.

**OPDRAG 7.5** **Debatteer of inkomstebelasting afgeskaf moet word**

Die debat sal dien om leerders aan die feit dat terwyl belastinge as 'n las deur die meeste mense gesien word, dit noodsaaklik is en almal daaruit voordeel trek. Dit is belangrik dat hulle herken dat daar twee kante is – regeeringsuitgawes en regeeringsinkomste.

**OPDRAG 7.6** **Groepsbespreking oor belasting**

Deur die leerders toe te laat om aan mekaar te verduidelik gee dit aan hulle die geleentheid om te sien of hulle die begrippe ten volle verstaan – laat dus asseblief die tyd aan hulle toe om hierdie opdrag te voltooi.

**OPDRAG 7.7** **Groepsbespreking oor belasting**

Hierdie opdrag bied aan die leerders nog 'n geleentheid om hulle kennis duidelik te maak met die klem op etiek. Etiek is 'n belangrike aspek van die nuwe sillabus en word in 'n latere module behandel. Dit is egter verkieslik dat die onderwerp nie in isolasie behandel word nie, maar in al die ander modules geïntegreer word, waar van toepassing. Dit sal 'n geleentheid wees om die onderwerp te bespreek.

**OPDRAG 7.8** **Etiek en Interne kontrole-aangeleenthede verwant aan BTW**

Vir meer kennis oor etiek in die sakewêreld en interne kontrole, word u na modules 13 en 14 verwys.

<b>7.8.1</b>	'n Onderneming belas hulle klante met 15% op die verkoopsprys van hul goedere en dienste (Uitset BTW). Die onderneming kan die BTW wat hulle hul verskaffers betaal het (Inset BTW), aftrek. Die verskil tussen Uitset BTW en Inset BTW word aan SAID oorbetaal
<b>7.8.2</b>	Ja. Daar is baie korrupte sakelui wat dit sal oorweeg om die betaling van BTW aan SAID te ontduik (nie oor te betaal nie). As SAID nie 'n afdeling vir die opsporing en voorkoming van bedrog op die been bring nie, kan hierdie probleem eskaleer.
<b>7.8.3</b>	SAID vorder BTW namens die regering in, wat die fondse gebruik om dienste en fasiliteite aan die inwoners van die land te voorsien wat nie deur ander onderneming gebied word nie bv. onderwys, gesondheid, polisie. As die staat nie genoeg ontvang om in hulle behoeftes te voorsien nie, sal die koers van inkomstebelasting en BTW verhoog, wat inwoners negatief beïnvloed. Dit is ook 'n saak van regverdigheid. As bedrae van BTW aan onderneming betaal is, moet hierdie by die berekening van BTW ingesluit word. Die onderneming moet nie in staat wees om hierdie bedrae vir hulself te hou nie.
<b>7.8.4</b>	Maak seker dat behoorlike interne prosedures en verslaggewingsprosesse in plek is in die onderneming vir die behoorlike berekening van BTW Maak seker dat $\text{Uitset BTW} = \text{Verkope onderhewig aan BTW} \times 15\%$ Maak seker dat BTW-vrygestelde items en nulkoersitems wettig is Maak seker dat daar nie BTW gehef is op vrygestelde of nulkoersitems nie Maak seker dat alle Inset BTW bedrae wettige sake-items dek Maak seker dat die korrekte berekening gedoen is

## KONTROLELYS

Vaardighede	Ja - bereik	Vereis meer aandag	Voltooi
Begryp die redes vir belasting in die land			
Verstaan die basiese beginsels van Belasting op Toegevoegde Waarde			
Begryp wie as 'n BTW-verkoper moet registreer			
Verstaan die verskil tussen standaard BTW, nulkoers- en belastingvrygestelde items			
Verstaan die verskil tussen belastingontduiking en belastingvermyding			